# BOEKBESPREKINGS

DR. C. A. VAN PEURSEN, *Cultuur en Christelijk Geloof*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1955, 109 pp.

Die probleem waarmee die skrywer hom besighou, nl. die verhouding van kultuur en Christelike geloof, is een wat in die afgelope jare baie geeste in beroering gebring het. Die bydrae van 'n deeglike en positiewe denker soos Dr. van Peursen kan ons alleen verwelkom.

Die eerste paar hoofstukke van die boek word aan 'n skets van die essensiële in kultuur gewy. „Cultuur is . . . het omvormen, waarbij de natuur vanuit bezinning en bedoeling gewijzigd wordt en waarbij de mens zelf zich gedurig hernieuwt" (p. 18). Daar is egter 'n dieper dimensie in kultuurwerksaamheid wat die mens ervaar, nl. die „zône van het goddelijke" wat hom aan ons demonies of goddelik kan voordoen. Hiervandaan swaai die skrywer sy gesigspunt om en benader die kultuur vanuit die Christelike geloof.

Die boek bied nie juis iets werklik nuuts vir iemand wat bietjie op hoogte van die tema is nie. Dit is egter verfrissend omdat ons hier nie 'n kultuurpessimisme vind nie, maar 'n optimisme, wat egter nie in die mens gegrond is nie, maar in die feit dat die ganse kosmos uit die hand van God kom, deur God gedra word en op God betrek moet word. Ons vind ook nie die pogings wat al so dikwels herhaal is, nl. om die Christelike geloof radikaal van die wêreld en sy kultuur los te maak nie; Christelike geloof het 'n totaal ander oorsprong as kultuur, maar staan binne die kultuurwerksaamheid van die mens en is die krag wat ook die kultuur herbore laat word. Die boek sluit af met die taak van die kerk en sy verkondiging ten opsigte van kultuur.

Die werkie is deeglik, baie lesenswaardig en ook netjies uitgegee. Hoewel daar baie punte van diskussie kan wees, wil ons hierdie boekie baie sterk by ons lesers aanbeveel.

P. S. DREYER.

* *